basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

 **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

 VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

 VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

 VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

 **AFDELING B: OPSTELVRAE**

 VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

 VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

 VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WATTER LESSE KAN SUID-AFRIKANERS BY BANTU STEPHEN BIKO, WAT VEERTIG JAAR GELEDE GESTERF HET, LEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Gebruik die inligting in die bron en haal DRIE komponente van die filosofie van Swart Bewussyn aan. (3 x 1) (3)

1.1.3 Verduidelik, in jou eie woorde, hoe swart Suid-Afrikaners sielkundige bevryding kon verkry. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die filosofie van Swart Bewussyn. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Selekteer TWEE bewyse uit die bron wat te kenne gee dat die polisie Steve Biko as 'n bedreiging beskou het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Waarom, volgens die inligting in die bron, het die polisie besluit om in 1977 vir Steve Biko buite Grahamstad te arresteer? (1 x 2) (2)

1.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat die dokters gemotiveer het om valse diagnoses te maak oor hoe Biko gesterf het. (2 x 2) (4)

1.2.4 Haal DRIE woorde uit die bron aan wat beskryf hoe Biko op 12 September 1977 gesterf het. (3 x 1) (3)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik waarom jy dink Swartbewussynaktiviste besluit het om hierdie plakkaat rond te dra. (1 x 2) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die volgende in die plakkaat:

(a) Die gebalde vuiste (1 x 2) (2)

(b) Die gebreekte ketting (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Waarom, dink jy, was Allister Sparks vasbeslote om uit te vind hoe Steve Biko vermoor is? (2 x 2) (4)

1.4.2 Noem TWEE maniere in die bron wat wys hoe Helen Zille te werk gegaan het om inligting oor Biko se moord in te samel. (2 x 1) (2)

1.4.3 Lewer kommentaar op hoe Jimmy Kruger en dr. Hersch verskil het ten opsigte van die omstandighede waaronder Steve Biko gesterf het. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1D rakende die dood van Steve Biko ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die lesse verduidelik wat Suid-Afrikaners by Bantu Stephen Biko, wat veertig jaar gelede gesterf het, kan leer. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN POLITIEKE AKTIVISTE, SOOS AHMED TIMOL, HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat het op 22 Oktober 1971 met Ahmed Timol gebeur? (1 x 1) (1)

2.1.2 Haal TWEE stukke beswarende (impliserende) bewysstukke aan wat die polisie in die kattebak van Ahmed Timol se motor gevind het. (2 x 1) (2)

2.1.3 Watter bewyse in die bron dui daarop dat Ahmed Timol gemartel is terwyl hy in polisie-aanhouding was? Noem DRIE bewyse. (3 x 1) (3)

2.1.4 Verduidelik tot watter mate jy die bewyse, gegee deur die polisie-ondervraers oor hoe Timol gesterf het, as betroubaar kan beskou. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK gestig? (1 x 2) (2)

2.2.2 Definieer die term *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.2.3 Noem die volgende leiers van die WVK:

(a) Die voorsitter (1 x 1) (1)

(b) Die ondervoorsitter (1 x 1) (1)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die demokratiese regering op herstellende geregtigheid in plaas van vergeldende geregtigheid besluit het. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto geneem is. (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer kommentaar op waarom Hawa Timol besluit het om voor die WVK te verskyn. (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C ondersteun oor hoe die WVK die moord van Ahmed Timol hanteer het. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Waarom, volgens die bewyse in die bron, het die NVG besluit om die doodsondersoek oor hoe Ahmed Timol vermoor is, te heropen? (1 x 2) (2)

2.5.2 Verduidelik waarom jy dink Cajee besluit het om hulde aan Hawa Timol te bring. (2 x 2) (4)

2.5.3 Lewer kommentaar op wat jy dink geïmpliseer word deur die stelling: '… die doodsondersoek 'n presedent (voorbeeld) vir ander families sal wees om te volg', in die konteks van die WVK-verhore. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die WVK die moord van politieke aktiviste, soos Ahmed Timol, hanteer het. (8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE IS SUID-AFRIKA SE PLUIMVEEBEDRYF DEUR GLOBALISERING BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die term *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Haal DRIE maniere uit die bron aan wat te kenne gee dat globalisering die menslike welstand van samelewings in die wêreld beïnvloed het. (3 x 1) (3)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom internasionalisme as meer suksesvol as nasionalisme in die konteks van globalisering beskou is. (2 x 2) (4)

3.1.4 Identifiseer TWEE internasionale monetêre (finansiële) instellings wat die proses van globalisering ondersteun het. (2 x 1) (2)

3.1.5 Waarom, volgens die inligting in die bron, het monetêre instellings besluit om Suid-Afrika onder druk te plaas om sy handelsbeperkings te verwyder? (2 x 1) (2)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wat het Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente aangespoor om by die anti-globaliseringsverset aan te sluit? (1 x 1) (1)

3.2.2 Verduidelik waarom Europese pluimveeprodusente Suid-Afrikaanse pluimveeboere gekritiseer het oor hoe hulle besigheid gedoen het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Waarom, volgens die bron, het die Suid-Afrikaanse regering besluit om die plaaslike pluimveebedryf te beskerm? (2 x 1) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink die spotprentkunstenaar besluit het om 'GOEDKOOP INVOERE' groter as 'PLAASLIKE INVOERE' uit te beeld. (2 x 2) (4)

3.4 Vergelyk Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse oor die krisis waarvoor die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf te staan gekom het in Bron 3C ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Noem die unie wat by die Suid-Afrikaanse regering gepleit het dat regulasies oor goedkoop pluimvee-invoere verskerp moes word. (1 x 1) (1)

3.5.2 Watter land, volgens die bron, was Suid-Afrika se grootste mededinger met betrekking tot pluimvee-invoere? (1 x 1) (1)

3.5.3 Verduidelik hoe die Departement van Handel en Nywerheid ('DTI') en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ('DAFF') probeer het om Suid-Afrika se pluimveebedryf te beskerm. (2 x 2) (4)

3.5.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom 'n historikus hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer navorsing gedoen word oor die invloed wat goedkoop invoere op Suid-Afrika se pluimveebedryf gehad het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe Suid-Afrika se pluimveebedryf deur globalisering beïnvloed is. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

PW Botha se pogings om die apartheidstelsel te hervorm, is deur intense internasionale weerstand begroet.

Bespreek hierdie stelling krities, met verwysing na die verskillende vorme van weerstand wat internasionale anti-apartheidsbewegings gebruik het om in die 1980's die uiteindelike ondergang van die apartheidsregering te verseker. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate politieke leierskap en verbintenis deur belangrike Suid-Afrikaanse rolspelers die weg gebaan het vir die geboorte van 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika in 1994.

Ondersteun jou argumente met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Gorbachev se beleid van Glasnost en Perestroika het in 1989 tot die ineenstorting van die Sowjetunie gelei wat 'n direkte uitwerking op Suid-Afrikaanse politiek gehad het.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou argumente met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V2**

**NOVEMBER 2017**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: WATTER LESSE KAN SUID-AFRIKANERS BY BANTU STEPHEN BIKO, WAT VEERTIG JAAR GELEDE GESTERF HET, LEER?

### BRON 1A

Die bron hieronder fokus op hoe die filosofie van Swart Bewussyn gedurende die 1960's in Suid-Afrika ontstaan het.

Een van die hooffaktore wat die nuwe gevoel van selfhandhawing (selfgelding) verduidelik het wat so opvallend onder swart Suid-Afrikaners in baie dele van die land was, was die groei van die Swartbewussynsfilosofie. Dit was gedurende die 1960's een van die belangrikste ontwikkelings in Suid-Afrika.

Verskillende organisasies het in hierdie dekade die waardes van Swart Bewussyn ondersteun, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Studentebeweging ('SASM') en die Swart Mense se Konvensie ('BPC').

Alhoewel dit deur Amerika se Swartmagbewegings en skrywers, soos Frantz Fanon, beïnvloed is, was die Swartbewussynsfilosofie 'n inheemse verskynsel (plaaslike beweging). Dit het die volgende komponente gehad:

Die eerste komponent was sielkundige bevryding. Omdat wittes hul eie meerderwaardigheid verkondig het en alle politieke, ekonomiese en sosiale instellings beheer het, het swartes gevoelens van minderwaardigheid ontwikkel en na maniere gesoek om hulle oorheersers na te boots. Sielkundige bevryding het beteken om swartes in staat te stel om hulleself van negatiewe opvattings los te maak en om dit met positiewe selfbewussyn, soos trots op swart kultuur, geskiedenis en erfenis, te vervang.

Die tweede komponent van Swart Bewussyn was om swartes hulle afhanklikheid van wittes af te leer.

Die derde komponent van Swart Bewussyn het gepoog om al die swart mense in Suid-Afrika te verenig, Indiërs en bruin mense ingesluit. Die term 'swart' het dus bruin mense, Indiërs en swartes omvat (ingesluit) omdat hulle ook slagoffers van sosiale, politieke en ekonomiese diskriminasie was. Swart Bewussyn het die etniese institusionalisering van Afrika-politiek, soos die verdeel-en-regeer-strategie wat ontwerp is om verdeling aan te hits, verwerp.

[Uit *Soweto Black Revolt, White Reaction* deur John Kane-Berman]

**BRON 1B**

Die bron hieronder beskryf in breë trekke hoe Bantu Stephen Biko deur die polisie in hegtenis geneem en daarna op 12 September 1977 vermoor is.

Bantu Stephen Biko was 'n invloedryke leier, maar die droewige (hartseer) manier waarop hy gesterf het, het die gebrek aan moraliteit (waardes) in die hart van die regering ontbloot. Biko, wat die polisie vir 'n jaar ontwyk het, was in die middel van Augustus op pad Kaapstad toe om pamflette te versprei wat 'swartes aanhits om onluste te veroorsaak en die regering omver te werp', het die polisie gesê toe hy by 'n padblokkade buite Grahamstad volgens Afdeling 6 van die Wet op Terrorisme in hegtenis geneem is. Hierdie Wet het vir onbepaalde aanhouding voorsiening gemaak. Hy is die volgende dag na Port Elizabeth vervoer waar hy naak uitgetrek is en vir die volgende twee weke in verskillende selle aangehou is. Steeds naak, maar in voetboeie, is hy op 6 September na die polisiehoofkwartier geneem, waar hy deur Gideon Nieuwoudt en vier ander veiligheidspolisiebeamptes ondervra is.


Op daardie dag, of kort daarna, is hy so hard teen 'n muur gestamp dat hy 'n breinbesering opgedoen het wat hom sou laat sterf. (Polisie het by die doodsondersoek gesê dat hy sy kop in 'n bakleiery gestamp het …) Biko het nie onmiddellik gesterf nie, maar dit was vir sy vervolgers duidelik dat iets ernstig verkeerd was. Hulle het nie minder nie as drie staatsdokters ingeroep wat vals diagnoses (assesserings) gemaak het om die ondervraers te beskerm.

Toe Biko se toestand ernstig geraak het en daar aangedring is dat die polisie hom hospitaal toe te neem, is hy naak en bewusteloos agterin 'n polisievangwa gegooi en 1 600 km na Pretoria vervoer. Hy het daar, op 12 September 1977, 'op 'n mat op die klipvloer van 'n tronksel 'n miserabele, brutale en eensame dood gesterf'.

[Uit *Apartheid: An Illustrated History* deur M Morris]

**BRON 1C**

Die foto hieronder toon 'n anti-apartheidsaktivis wat op 25 September 1977 in King William's Town, 'n plakkaat van Bantu Stephen Biko by sy begrafnis rondgedra het.




[Uit http://news.bbc.co.uk/2/hi/Afrika/2253092.stm. Toegang op 8 Desember 2016 verkry.]

**Gebreekte ketting**

**Gebalde vuis**

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder beskryf in breë trekke die omstandighede waaronder Bantu Stephen Biko vermoor is. Dit is deur Helen Zille geskryf terwyl sy 'n verslaggewer by die *Rand Daily Mail* was.

Die Minister (Jimmy Kruger) het te kenne gegee dat Biko homself uitgehonger en gesterf het. Almal het geweet dat die Minister nie die waarheid gepraat het nie. Die Minister self het dit ook geweet, maar sy onvermoë om die omvang van die situasie te begryp en sy duidelike (intense) minagting vir die lewe van 'n swart man is saamgevat in een van die ongevoeligste vierwoord-verklarings wat nog ooit gemaak is: 'Dit laat my koud …'

… Allister Sparks (redakteur van die *Rand Daily Mail*) was vasbeslote dat ons by die waarheid moes uitkom. 'Ons het geweet dat ons by die waarheid moes uitkom – maar hoe? … Die deurbraak was die oggend van 29 September.

… die waarheid is aangeteken in die patoloog se verslag, deur beide dr. Gluckman en die hoofstaatspatoloog, professor JD Loubser, geteken. In swart en wit het daar gestaan: 'Oorsaak van dood: Breinskade'.

… Allister het besluit om my (Helen Zille) Port Elizabeth toe te stuur om enige iemand te kontak wat dalk in Steve Biko se laaste dae met hom kontak gehad het en 'n onderhoud te voer, met die dokters as beginpunt. My vraag aan die dokter was eenvoudig: Kon hulle bevestig dat Steve Biko as gevolg van 'n hongerstaking dood is? Indien nie, waarom het hy gesterf? … Dr. Colin Hersch 'n spesialisdokter, wat ook ingeroep is om te bepaal of Biko besig was om "voor te gee" (dat hy beseer was) … Ek het hom gesê dat ek moes bevestig of die Minister se verklaring dat Biko as gevolg van 'n hongerstaking gesterf het, korrek was.

… Hy wou nie meer sê as om aan my te bevestig dat Biko nie uitgeteer (maer) was toe hy gesterf het nie; eerder effens oorgewig. Die oomblik toe ek dit hoor, was dit feitlik met soveel woorde bevestig dat Steve Biko nie as gevolg van 'n hongerstaking gesterf het nie. Ek het dr. Hersch bedank en is daar weg.'

[Uit *Not Without a Fight: The Autobiography* deur H Zille]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN POLITIEKE AKTIVISTE, SOOS AHMED TIMOL, HANTEER?**

**BRON 2A**

Die koerantartikel hieronder, 'In Cold Blood: The Killing of Ahmed Timol', is deur Ivor Powell geskryf en fokus op hoe die politieke aktivis, Ahmed Timol, vermoor is.

Ahmed Timol en sy vriend, die 21-jarige Wits Universiteit mediese student, Mohammed Salim Essop, is op Vrydag 22 Oktober 1971 by 'n polisiepadblokkade gestop. Dit was ongeveer 23:00. In die kattebak van hulle geel Anglia is verskeie beswarende (impliserende) bewysstukke ontdek. Dit het kopieë van *Inkululeku*, die 50ste herdenkingstoespraak van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en lyste met name en adresse ingesluit.

Hulle is na die Newlands Polisiestasie vervoer voordat hulle na John Vorster Plein geneem is. Luitenant-kolonel Petrus van Wyk het ongeveer 03:15 die volgende oggend van Pretoria af gekom en 'n span spesialisondervraers het by hom aangesluit, onder andere Kapteins JZ van Niekerk, Richard Bean en JH Gloy.

Vir Timol het 'n ondervraging begin wat sou voortduur tot Woensdagmiddag toe hy aan sy einde gekom het. In die daaropvolgende nadoodse ondersoek het polisieondervraers daarop aangedring dat hulle nie aan Timol geraak het nie. Die toestand van die aangehoudene se liggaam wat in die struike buite die polisiehoofkwartier gevind is, het egter 'n ander storie vertel. Dit was oortrek met kneusplekke, snywonde, rowe; die linkeroog het in die oogholte ingesink en is onder die lid uitgehaal. Die dood van Ahmed Timol was 'n keerpunt in die stryd teen apartheid.

Generaal-majoor CA Buys, hoof van die Kriminele Ondersoekafdeling (KOA) en die man in beheer van die ondersoek na die dood van Timol, het twee dae na Timol se dood vir Freek Swart van *Rapport* vertel: 'Ahmed het kalm op 'n stoel gesit. Daar was veiligheidspolisiemanne saam met hom. Op 'n stadium het twee van hulle die vertrek verlaat. Timol het skielik opgespring en vir die deur gemik. 'n Veiligheids- polisieman het na die deur gehardloop om hom te keer. Maar die Indiër het toe na die venster gehardloop en uitgespring. Niemand het hom bang gemaak of aan hom geraak nie. Die nadoodse ondersoek sal dit bewys,' het Generaal Buys ten slotte gesê …

Dit het alles 25 jaar gelede gebeur. Baie van die sleutelspelers in die drama het intussen gesterf en die res het lankal reeds die polisiemag verlaat. Daar is weinig vooruitsig dat geregtigheid deur middel van die Waarheids-en-Versoeningskommissie sal seëvier en, kan ons waag om te sê, nog minder deur die howe.

[Uit *Sunday Times Inside Magazine*, 9 Junie 1996]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2B**

Die bron hieronder beskryf die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK). Dit fokus op hoe politieke aktiviste, soos Ahmed Timol, vermoor is.

Die WVK was 'n produk van die politieke ooreenkomste voortgebring tydens die onderhandelinge wat apartheid beëindig het. Die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995 (Wet 34 van 1995) het die WVK ingestel om politiek-gemotiveerde growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is, te ondersoek. Die bedoeling was om te voorkom dat sulke gruweldade weer sou plaasvind en om 'n verdeelde nasie te verenig wat deur konflik in die verlede geskend is. Suid-Afrika se WVK was die eerste waarheidskommissie wat amnestie aan individue gebied het wat ten volle, in die openbaar, hulle betrokkenheid by politiek-gemotiveerde misdade geopenbaar het. Deur dit te doen, het die demokratiese regering die konsep van 'herstellende geregtigheid' in plaas van 'vergeldende geregtigheid' aanvaar.

President Nelson Mandela het 'n uiteenlopende groep van 17 WVK-kommissarisse gekies en Aartsbiskop Desmond Tutu, Nobel-bekroonde en anti-apartheidsikoon, as die voorsitter en Alex Borraine, as die ondervoorsitter, benoem. 'Amnestie kan beslis nie as geregtigheid beskou word indien ons slegs aan geregtigheid as vergeldend en bestraffend van aard dink nie,' het Tutu gesê. 'Ons glo dat daar egter 'n ander soort geregtigheid is, 'n herstellende geregtigheid wat nie soseer oor straf gaan nie, maar eerder oor die regstel van wanbalanse, die herstel van gebroke verhoudings met genesing, harmonie en versoening en ook om uit te vind oor politieke moorde en die verdwyning van aktiviste, soos Ahmed Timol.' In die verband het die 78-jarige Hawa Timol swak en verward voor die WVK gelyk toe sy die afgryslikheid van haar seun se moord in Oktober 1971 weer moes beleef.

[Uit http://overcomingapartheid.msu.edu/unit.php?id=65-24E-3&page=1.
Toegang op 5 April 2017 verkry.]

**BRON 2C**

Hierdie bron toon Hawa Timol (moeder van Ahmed Timol) wat getuienis lewer by die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK). Dit is op 30 April 1996 by die Metodistekerk in Johannesburg gehou.



[Uit http://sabctrc.saha.org.za/hearing.php?id=55646&t=timol&tab=hearings. Toegang op 10 April 2017 verkry.]

Hawa Timol

**BRON 2D**

Die artikel hieronder beskryf in breë trekke die NVG se voorneme om die moordsaak van Ahmed Timol te heropen. Dit het op 26 Oktober 2016 op *News24* verskyn en die titel was 'AHMED TIMOL-DOODSONDERSOEK HEROPEN 2 DAE VOOR DIE 45^STE^ HERDENKING VAN SY DOOD'.

Die Timol-familietrust is Dinsdag deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in kennis gestel van hulle besluit om die doodsondersoek te heropen. Dit is die gevolg van familie- en politieke druk oor Ahmed Timol se moord. Timol se neef, Imtiaz Ahmed Cajee, het hulde aan Timol se ma, Hawa Timol, gebring wat in 1996 voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie verskyn het om vir die heropening van haar seun se saak te pleit.

'My ouma het intussen gesterf, maar sy sal vandag in die hemel glimlag,' het Cajee gesê.

Hy het gesê intensiewe ondersoeke het die familie oortuig dat lede van die SAP-tak vir die dood verantwoordelik was. Inligting oor Timol se moord is na die hoof van die prioriteitsmisdaadvervolgingseenheid van die Nasionale Vervolgingsgesag gestuur. Cajee het gesê die heropening van die doodsondersoek sal inligting verskaf oor wat tydens die laaste dae van sy oom se lewe plaasgevind het.

Ander belangrike vrae wat verband hou met Timol se bewegings in die dae voor sy inhegtenisneming is onbeantwoord. 'Is sy ondergrondse bedrywighede deur 'n informant blootgestel? En, was die polisieblokkade waar hy in hegtenis geneem is 'n rookskerm sodat dit gelyk het asof die inhegtenisneming toevallig was?' het die Timol-familie gevra.

Ter nagedagtenis van die 45^ste^ herdenking van sy dood sal die Ahmed Timol-tentoonstelling in Ginsberg, King William's Town, geopen word.

Die Timol-familietrust het gesê hulle hoop dat die doodsondersoek 'n presedent (voorbeeld) vir ander families sal wees om te volg.

[Uit http://www.news24.com/South Africa/News/ahmed-timol-inquest-reopened-2-days-before-45th-anniversary-of-his-death-20161026. Toegang op 7 April 2017 verkry.]

## VRAAG 3: HOE IS SUID-AFRIKA SE PLUIMVEEBEDRYF DEUR GLOBALISERING BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Die bron hieronder fokus op globalisering en die invloed daarvan op ontwikkelende lande. Dit het op 14 April 2014 in 'n artikel met die titel 'The Negative Effects of Globalisation on South Africa' verskyn.

Globalisering verwys na die integrasieproses van die ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele verhoudings tussen mense, maatskappye en regerings van verskillende nasies en lande. Dit is 'n proses wat gemik is op die verbetering van internasionale beweging van goedere, dienste, arbeid en kapitaal. Hierdie proses beïnvloed ook die omgewing, kultuur, politieke stelsels, ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang en menslike welstand van samelewings in die wêreld. Globalisering steun internasionalisme en ondersteuning tussen lande, in teenstelling met nasionalisme en proteksionisme, wat negatiewe kenmerke het.

Die globalisering van die ekonomie in die laaste 30 jaar, gelei deur die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en transnasionale entiteite, het teen 'n baie vinnige pas plaasgevind. Die verarming van Afrika is 'n gevolg van sulke prosesse. Besluite deur internasionale organisasies verseker dat die oormag teen nasies van die Suide is, as gevolg van magswanbalanse; reëls word gemaak om arm nasies te benadeel. Internasionale ooreenkomste het dus ongelyke uitkomste. Dit het regerings van ontwikkelende lande, soos Suid Afrika, onder druk geplaas om sy handelsbeperkings tot die oorgrens vloei van kapitaal en produkte te verwyder, soos die pluimveebedryf.

[Uit http://www.123helpme.com/negative-effects-of-globalization-on-South-afrika-preview.asp?id=168666. Toegang op 15 Mei 2017 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder fokus op die krisis wat die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf as gevolg van goedkoop invoere uit lande in die Europese Unie ervaar het. Dit is deur J Cameron in 'n artikel met die titel 'Unfair Game? South African Poultry Industry in Crisis' geskryf.

'n Sentiment van anti-globalisering (verset) het begin om die wêreld na proteksionisme te dryf en Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente wil met die stroom meegaan. Hulle reken boere in die Europese Unie (EU) tree nie regverdig op deur pluimveestukke onder kosprys te verkoop nie. Maar EU-produsente ontken dat hulle pluimveeboudjies, -dye en -vlerkies teen afvalprodukpryse in Suid-Afrika aflaai. In plaas daarvan sê hulle dat Suid-Afrikaanse produsente nie op stryk is nie en dat EU-produsente bloot meer effektief is. Hulle beweer, inteendeel, dat Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente verbruikers bedrieg deur pluimvee met water of soutwater in te spuit om hulle gewig te laat styg. Duisende werksgeleenthede is op die spel, met party senior mense wat waarsku dat Suid-Afrika binne 'n jaar dalk glad nie 'n pluimveebedryf sal hê nie.


Die Suid-Afrikaanse regering het alreeds tariewe gehef op pluimvee uit sommige lande om plaaslike produsente die oorhand in die geveg om die binnelandse markaandeel te gee. Dit lyk asof hulle weereens aan die produsente se oproep gehoor sal gee. Per slot van rekening, met algemene (wydverspreide) werkloosheid het die regering elke werksgeleentheid nodig wat dit in die hande kan kry en die verkiesing lê voor. Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente moet intussen meer tyd bestee aan bepeinsing (oorweging) oor hoe hulle meer mededingend kan wees en minder tyd aan die verantwoordelikheid afskuif. Hulle moet ook druk toepas vir kunsmatige sakevoordeel om langtermyn-volhoubaarheid te verseker …

'Ons is beslis in nood,' het die Suid-Afrikaanse Minister van Handel en Nywerheid ('DTI'), Rob Davies, in 'n onderhoud gesê. 'Ons sal nie 'n bedryf hê om die mededingendheid te verhoog indien invoere voortgaan om die mark te oorstroom nie.'

[Uit http://biznews.com/wef/davos-2017/2017/01/19. Toegang op 15 Mei 2017 verkry.]

**BRON 3C**

Die spotprent deur B Reynolds hieronder beeld die mededinging tussen plaaslike produsente (Suid-Afrikaans) en goedkoop invoere (internasionale pluimvee-produsente) uit. Die Minister van Handel en Nywerheid ('DTI'), Rob Davies, word as die wedstrydskeidsregter uitgebeeld. Die spotprent het op 26 Januarie 2017 in die *Business Day* verskyn.




[Uit http://www.businessdayonline.com. Toegang op 15 Mei 2017 verkry.]

**EK WIL 'N MOOI SKOON, REVERDIGE GEVEG HÊ …**

**PLAASLIKE PRODUSENTE**

**GOEDKOOP INVOERE**

**BRON 3D**

Die artikel hieronder fokus op hoe die Departement van Handel en Nywerheid ('DTI') gepoog het om die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf te help.

Dit volg op die Food and Allied Workers' Union (FAWU) se pleidooi aan die regering om regulasies met betrekking tot ingevoerde pluimvee te verskerp.

Die Departement van Handel en Nywerheid ('DTI') het Maandag gesê dat die Suid-Afrikaanse regering saam met plaaslike pluimveeprodusente gewerk het om die uitdagings in die bedryf as gevolg van pluimvee wat uit Europese Unie-lande, soos Brittanje, ingevoer word, aan te pak.

Die 'DTI' het gereageer op die pleidooi van die Food and Allied Workers' Union (FAWU) dat die regering die regulasies met betrekking tot ingevoerde pluimvee moet verskerp in 'n poging om werksgeleenthede in die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf te red.

Ten minste drie groot Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente het stappe aangekondig om altesaam meer as 3 500 werkers te begin aflê sodat hulle voortgaande ondernemings kan bly, aangesien hulle sukkel as gevolg van swaar mededinging van goedkoop ingevoerde pluimvee.

Die 'DTI' het gesê dat die regering, deur hulle en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ('DAFF'), maatreëls ingestel het om plaaslike pluimveeprodusente teen onregverdige mededinging te beskerm.

'Die regering het, met die aansoek deur die bedryf, deur die International Trade and Administration Commission ('ITAC'), 'n aantal maatreëls in die laaste drie jaar ingestel om die uitdagings in die bedryf aan te pak,' het die 'DTI' in 'n verklaring gesê.

'Die maatreëls wissel van 'n styging in tariewe wat 'n aantal pluimveeprodukte dek wat met Suid-Afrika se internasionale verpligtinge ooreenkom, die instel van handelsherstelmaatreëls waar bewyse aandui dat pluimvee in die Suid-Afrikaanse mark gedump word of waar daar 'n skerp styging in invoere is.'

[Bron: *The Citizen*, 15 Mei 2017]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Berman, JK. 2001. *Soweto Black Revolt, White Reaction* (Ravan Press, Johannesburg)

Morris, M. 2012. *Apartheid: An Illustrated History* (Jonathan Ball Publishers, Jeppestown)

http://aese.psu.edu/students/research/ced-urj/news/2014/broken-promises-globalization-and-bp-oil

http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/2253092.stm

http://overcomingapartheid.msu.edu/unit.php?id=65-24E-3&page=1

http://sabctrc.saha.org.za/hearing.php?id=55646&t=timol&tab=hearings

http://www.mcspotlight.org/campaigns/translations/trans_uk.html.

http://www.news24.com/SouthAfrica/News/ahmed-timol-inquest-reopened-2-days-before-45th-anniversary-of-his-death-20161026

*Sunday Times Inside Magazine*, 9 Junie 1996

www.nydailynews.com/opinion/bramhall-cartoons-august-2d3-gallery-

Zille, H. 2016. *Not Without a Fight: The Autobiography* (Goodreads, South Africa)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V2**

**NOVEMBER 2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . ___________________________ . ___________________________
________________________________________________ . __________________
√√√√√
Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyne) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie **Λ**
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

Kopiereg voorbehou 

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1***<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WATTER LESSE KAN SUID-AFRIKANERS BY BANTU STEPHEN BIKO, WAT VEERTIG JAAR GELEDE GESTERF HET, LEER?

1.1.1 *[Definieer 'n historiese konsep uit Bron 1A - V1]*

- Aanvaarding van jouself as swart/eiewaarde/ selfwaarde/ selfvertroue/ selfhandhawing
- Om trots te wees op wie jy is/ swart trots
- Dit gaan nie oor die kleur swart nie, maar eerder oor geestelike vrymaking
- Swart Suid-Afrikaners moet selfstandig wees en nie afhanklik wees van wittes nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Sielkundige vrymaking/om swartes in staat te stel om hulleself van negatiewe opvattings los te maak
- Losmaak van swartes van hul afhanklikheid van wittes
- Om al die swart mense in Suid-Afrika te verenig (3 x 1) (3)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Ontslae te raak van negatiewe idees/minderwaardigheidsgevoel/gelyk aan wittes
- Om positiewe selfbewustheid/selfgeloof/selfstandigheid te ontwikkel
- Om trots te wees op swart kultuur, geskiedenis en nalatenskap
- Om trots te wees om swart te wees (2)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

1.1.4 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 1A – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit gee insig oor die waardes van Swartbewussyn
- Dit noem die organisasies wat die waardes van Swartbewussyn ondersteun het
- Identifiseer die drie komponente van Swartbewussyn naamlik sielkundige vrymaking, onafhanklikheid en eenheid
- Dit definieer die idee van die alles omringende begrip om swart te wees
- Swartbewussyn verwerp die idee van verdeel en regeer en fokus op eenheid onder Swart Suid-Afrikaners
- Swartbewussyn verwerp etniese verdeling
- Die invloed van Swartmagbewegings en skrywers/outeurs
- Dit verduidelik waarom daar 'n gevoel van selfbewussyn was in die 1960s
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Biko was 'n invloedryke leier
- Biko het die polisie vir 'n jaar lank ontglip
- Biko het pamflette versprei om swartes aan te hits om onluste te stook
- Het swartes aangehits om die regering om ver te werp
- Hy is in hegtenis geneem volgens Afdeling 6 van die Wet op Terrorisme
- Hy is in voetboeie geplaas (enige 2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Steve Biko het pamflette uitgedeel om swartes bewus te maak van die bevrydingstryd
- Die polisie het dit beskou as 'aanhitsing van swartes om onluste te stook'
- 'Die regering om ver te werp' (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die staatsdokters het gelieg om die ondervraers te beskerm
- Die staatsdokters het Gideon Niewoudt beskerm
- Die staatsdokters het die optrede van die staat beskerm
- Die staatsdokters het gelieg om 'n opstand teen die apartheid regering af te weer
- Die staatsdokters het gelieg om die apartheidsregime te beskerm teen plaaslike en internasionale verleentheid
- Die staatsdokters het vir hulle lewe gevrees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Miserabele
- Brutale
- Eensame (enige 3 x 1) (3)

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C - V2]*
- Die plakkaat was 'n herinnering aan wie Steve Biko was en wat hy gedoen het vir die stryd teen onderdrukking/het hulde gebring/eer betoon/ gesalueer
- Die plakkaat openbaar hoe wreed die apartheid regime was toe hulle Steve Biko ondervra en vermoor het terwyl hy in polisie aanhouding was
- Die plakkaat gee aanleiding tot veroordeling van die apartheidsregering en verhoogde solidariteit in stryd teen verdrukking
- Die plakkaat moedig volgelinge aan om voort te gaan met die geveg teen onderdrukking
- Om die Swartbewussynsfilosofie te bevorder
- Biko word in die plakkaat as 'n martelaar gesien in die stryd teen apartheid
- Enige ander relevante response (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C - V2]*

(a) Gebalde vuis:
- Demonstreer krag aan die mense/Amandla
- Simboliseer krag/determinasie as 'n groep/onskuld
- 'n Teken van weerstand/uitdaging
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

(b) Gebreekte kettings:
- Simboliseer vryheid van onderdrukking
- Bevry te word van diskriminasie/knegskap/boeie van minderwaardigheid van die apartheidsregime
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (4)

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Allister Sparks het gevoel dat dit hul plig as joernaliste was om die publiek in te lig oor hoe Steve Biko vermoor is
- Allister Sparks het geweet dat Biko beskou is as 'n bedreiging vir die regering en het die manier waarop hy vermoor is bevraagteken.
- Allister Sparks het nie Minister Jimmy Kruger se verklaring geglo oor hoe Steve Biko vermoor is nie
- Allister Sparks wou die apartheidsregering ontmasker vir die wandade wat dit gepleeg het teen die anti-apartheidsaktivis
- Allister Sparks het gevoel dat die waarheid omtrent Steve Biko se dood van nasionale belang was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Helen Zille het die pataloog se verslag verkry
- Helen Zille is na Port Elizabeth gestuur om diegene te **kontak** wat moontlik kontak met Steve Biko in sy finale dae gehad het
- Helen Zille is na Port Elizabeth gestuur om met diegene wat moontlik kontak met Steve Biko in sy finale dae gehad het **onderhoude** te voer

(enige 2 x 1) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Jimmy Kruger het impliseer dat Steve Biko homself tot die dood uitgehonger het
- Dr. Hersch het gesê dat Steve Biko nie maer was toe hy gesterf het nie en daarom kon hy hom nie tot die dood uitgehonger het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1D – V3]*

- In Bron 1B het Steve Biko breinskade opgedoen wat hom sou doodmaak en in Bron 1D het die patoloë bevestig dat die oorsaak van die dood breinskade was
- In Bron 1B word beklemtoon dat Biko gesterf het van breinskade terwyl Bron 1D beweer die minister het gelieg oor hoe Steve Biko gesterf het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Steve Biko se Swartbewussynsfilosofie het swart trots en selfvertroue inspireer (Bron 1A)
- Steve Biko se Swartbewussynsfilosofie swart Suid-Afrikaners aangemoedig om hul denke te bevry (eie kennis)
- Steve Biko se Swartbewussynsfilosofie het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om hul eie vryheid te bepaal (Bron 1A)
- Steve Biko het die 'swart man' geleer om homself as 'n totale wese te beskou – onafhanklikheid (Bron 1A)
- Steve Biko se dood het die wreedheid van die apartheidsregering aan die lig gebring (Bron 1B)
- Stephen Bantu Biko was 'n invloedryke leier (leierskap) (Bron 1B)
- Steve Biko het swart Suid-Afrikaanse studente geïnspireer om onafhanklik van blankes op te tree (eie kennis)
- Steve Biko het eenheid en solidariteit onder swart Suid-Afrikaners geïnspireer (Bron 1C)
- Die media/koerante het ’n belangrike rol gespeel in die ontbloting van die wreedheid/brutaliteit van die apartheidsregering (Bron 1D)
- Swart Suid-Afrikaners is geïnspireer deur Steve Biko en het die apartheid regime uitgedaag (eie kennis)
- Die reg tot 'n regverdige verhoor (eie kennis)
- Beskerming van menseregte en menswaardigheid (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om die lesse te verduidelik wat Suid-Afrikaners by Bantu Stephen Biko, wat veertig jaar gelede gesterf het, kan leer.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om die lesse te verduidelik wat Suid-Afrikaners by Bantu Stephen Biko, wat veertig jaar gelede gesterf het, kan leer.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip om die lesse te verduidelik wat Suid-Afrikaners kan leer by Bantu Stephen Biko, wat veertig jaar gelede gesterf het, kan leer.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN POLITIEKE AKTIVISTE, SOOS AHMED TIMOL, HANTEER?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- Hy is by 'n polisieblokkade gestop (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Kopieë van *Inkululeku*
- Die 50ste herdenkingstoespraak van die SAKP
- Lys met name en adresse (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Sy liggaam was bedek met kneuswonde
- Sy liggaam het snywonde gehad
- Sy liggaam het rowe gehad
- Sy linkeroog het in die oogholte ingesink en is onder die lid uitgehaal (enige 3 x 1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
**Kandidate kan of BETROUBAAR TOT ’n GROOT MATE OF BETROUBAAR TOT ’n MINDERE MATE kies en hul antwoord ondersteun met relevante bewyse.**

**MEER BETROUBAAR**
- Die polisie se getuienis is die enigste getuienis van hoe Timol gesterf het
- Die polisie se getuienis is 'n ooggetuieweergawe wat deur een van hulle eie mense gegee is
- Enige ander relevante antwoord

**MINDER BETROUBAAR**
- Die polisie het 'n geskiedenis van valse verklarings oor die behandeling van aangehoudenes
- Die polisie het 'n geskiedenis van gewelddadige ondervraging van aangehoudenes
- Die polisie het 'n geskiedenis van fisiese mishandeling/marteling van aangehoudenes
- Die polisie se weergawe van gebeure kan nie bevestig word nie
  Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Om polities gemotiveerde growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg was, te ondersoek
- Om voorkom dat sulke gruweldade weer gebeur
- Om 'n verdeelde nasie gewond deur die verlede te verenig
- Om amnestie aan te bied (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2B – V1]*
- Die toestaan van amptelike kwytskelding aan mense wat polities verwante misdade gepleeg het
- Die toestaan van amptelike kwytskelding aan oortreders wat die gruweldade wat hulle vir politieke redes gepleeg het, openbaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
(a) Die Voorsitter
- Aartsbiskop Desmond Tutu (1 x 1)

(b) Die Ondervoorsitter
- Alex Borraine (1 x 1) (2)

2.2.4 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 2B – V2]*
**Onderneem herstellende geregtigheid omdat:**
- Dit wanbalanse wou regstel
- Dit wou gebroke verhoudings herstel met genesing en harmonie
- Dit wou versoening/afsluiting bevorder
- Dit wou oortreders aanmoedig om die waarheid te praat
- Dit wou uitvind oor politieke moorde en die verdwyning van aktiviste, soos Timol
- Om nasiebou te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Om te toon dat Hawa Timol getuienis by die WVK gegee het oor die moord van haar seun, Ahmed Timol
- Om die hartseer, smart wat Hawa Timol verduur het gedurende die gee van getuienis te toon
- Om te toon dat Hawa Timol steeds na die waarheid gesoek het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Sy wou weet wie was verantwoordelik vir die moord van haar seun
- Sy wou die waarheid weet oor die moord van haar seun
- Om genesing te vind
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2B en 2C – V3]*
- Bron 2B beweer dat die WVK gestig is om uit te vind oor politieke moorde en Bron 2C wys dat Hawa Timol voor die WVK verskyn het om uit te vind oor die moord op haar seun
- Bron 2B beweer dat Hawa Timol voor die WVK verskyn het opsoek na die waarheid oor die moord van haar seun en Bron 2C toon bewyse van Hawa Timol wat voor die WVK verskyn
- Bron 2B verwys na Hawa Timol as ‘swak en verward’ en in Bron 2C word sy bygestaan by die verhoor wat toon dat sy swak was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- As gevolg van familie- en politieke druk (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Omdat Hawa Timol, ongeag haar ouderdom en broosheid, voor die WVK verskyn het om te pleit dat haar seun se saak heropen word
- Na soveel jare wat verby is, was Hawa Timol vasbeslote om voor die WVK te verskyn op soek na die waarheid oor die moord van haar seun
- Omdat die verskyning voor die WVK vir haar traumaties was
- Om Hawa Timol se waardigheid te herstel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit 2D – V2]*

- Ander families wie se familielede verdwyn het of vermoor is deur die polisie gedurende die apartheidsregime moet aanhou om vir die waarheid die soek
- Ander families moet nooit ophou hoop nie – hulle moet druk op die NVG plaas om sake te heropen waar die waarheid oor die dood van geliefdes nie openbaar is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die doel van die WVK was om uit te vind oor die politieke moorde en die verdwyning van aktiviste, soos Ahmed Timol (Bron 2A)
- Hawa Timol het voor die WVK verskyn om getuienis te lewer in die hoop om genesing te kry oor die moord van haar seun (Bron 2B)
- Hawa Timol, alhoewel broos en oud, het getuienis gelewer in die hoop dat oortreders na vore sou kom om hulle betrokkenheid by haar seun se dood te onthul (Bron 2C)
- Die doel van die WVK was om te verhinder dat sulke gruweldade weer plaasvind en om 'n verdeelde nasie na die wonde van apartheid te verenig (Bron 2B)
- Baie van die polisiemanne wat Timol ondervra en gemartel het, was al dood of het die polisiemag verlaat, wat beteken het dat die WVK nie die ondersoek na hoe Timol vermoor is, kon voltooi nie (Bron 2A)
- Hawa Timol het by die WVK gepleit om haar seun se saak te heropen (Bron 2D)
- Die NVG het uiteindelik ingestem om die Timol-saak te heropen (Bron 2D)
- Die WVK was 'n nuttige platform om die waarheid te openbaar oor die verdwyning van aktiviste, soos Timol (eie kennis)
- Indien die waarheid by die WVK-verhore vertel is, het dit vir die geaffekteerde families genesing verskaf (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe die WVK die moord van politieke aktiviste, soos Ahmed Timol, hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die WVK die moord van politieke aktiviste, soos Ahmed Timol hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die WVK die moord van politieke aktiviste, soos Ahmed Timol, hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE IS SUID-AFRIKA SE PLUIMVEEBEDRYF DEUR GLOBALISERING BEÏNVLOED?**

3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3A – L1]*
- Globalisering verwys na die tegnologiese, politieke en ekonomiese veranderinge wat daartoe gelei het dat die wêreld op 'n ander manier as 20 jaar gelede funksioneer.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.*2* *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- Omgewing
- Kultuur
- Politieke stelsels
- Ekonomiese ontwikkeling en welvaart/voorspoed (enige 3 x 1) (3)

3.1.3 *[Interpretasie of bewyse uit Bron 3A – L2]*
- Internasionalisme laat groter ekonomiese samewerking tussen lande toe
- Internasionalisme laat groter politieke samewerking tussen lande toe
- Internasionalisme laat onderlinge ooreenkomste tussen lande toe
- Internasionalisme laat groter ondersteuning tussen lande toe
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- Wêreldbank
- Internasionale Monetêre Fonds (2 x 1) (2)

3.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- Om oorgrens vloei van kapitaal te verseker
- Om oorgrens vloei van produkte te verseker (2 x 1) (2)

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- Hulle het lande in die EU daarvan beskuldig dat hulle hoenderstukke onder kosprys verkoop (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*
- Hulle het gesê dat Suid-Afrikaanse pluimveeboere nie op stryk is nie
- Hulle het gesê dat die boere in die EU meer effektief was
- Hulle het gesê dat die Suid-Afrikaanse pluimveeboere verbruikers bedrieg deur pluimvee met water of soutwater inspuit om hulle gewig te vermeerder
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- Om werkloosheid in die pluimveebedryf te bestry
- Die verkiesing lê voor
- Om plaaslike produsente die oorhand in die geveg om die binnelandse markaandeel te gee 2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – L2]*

- Die Minister van Handel en Nywerheid wou probeer om 'n handelsooreenkoms tussen die Europese Unie-pluimveeboere en hulle Suid-Afrikaanse eweknieë te beding (Rob Davies as skeidsregter)
- Dit lyk asof die minister die pluimveeboere van beide die Europese Unie en Suid-Afrika vir handelskompromieë smeek (hy is op sy knieë)
- Die pluimveeboere van die EU was vir goedkoop pluimvee-invoere verantwoordelik
- Die Minister van Handel en Nywerheid lyk asof hy hulpeloos is om die uitdagings wat die plaaslike pluimveeprodusente teëgekom het, op te los
- Die Minister van Handel en Nywerheid lyk asof hy by plaaslike produsente pleit om om begrip te toon vir die invloed wat invoere op plaaslike produsente het (hy wil 'n skoon geveg hê)
- Die Minister van Handel en Nywerheid lyk gestres as gevolg van die invloed van pluimvee-invoere wat die plaaslike mark oorstroom het
- Die Minister van Handel en Nywerheid is onder druk om vir 'n handelsooreenkoms te beding wat beide plaaslike produsente en die Europese Unie-produsente tevrede sal stel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – L2]*

- 'GOEDKOOP INVOERE' verteenwoordig lande in die EU wat ontwikkelde lande is in teenstelling met 'PLAASLIKE PRODUSENTE' (Suid-Afrika) wat 'n ontwikkelende land is.
- Dit lyk asof die 'GOEDKOOP INVOERE' van EU-pluimveeboere die oorhand in die 'handelsoorlog' met 'PLAASLIKE PRODUSENTE' (Suid-Afrikaanse pluimvee- boere) het
- Die 'GOEDKOOP INVOERE' (Europese Unie) is finansieel sterker as die 'PLAASLIKE PRODUSENTE' (Suid-Afrika) en kan bekostig om hulle produkte teen laer pryse te verkoop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3C - L3]*

- Bron 3B beweer dat die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf 'n krisis beleef omdat boere in die EU toegelaat is om hulle pluimvee onder kosprys te verkoop en Bron 3C aandui dat boere in die EU 'n groter aandeel van die mark gehad het as gevolg van hulle laer pryse
- Bron 3B beweer dat die Suid-Afrikaanse Minister van Handel en Nywerheid, Rob Davies, bekommerd was oor die invloed van goedkoop pluimvee-invoere op Suid-Afrika, en Bron 3C aandui dat hy probeer het om 'n ooreenkoms te beding wat beide plaaslike produsente en die Europese Unie-produsente tevrede sou stel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- Food and Allied Workers' Union (FAWU) (1 x 1) (1)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- Brittanje (1 x 1) (1)

Kopiereg voorbehou 

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – L2]*

- Die Departement van Handel en Nywerheid ('DTI') en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ('DAFF') het maatreëls ingestel om pluimveeprodusente teen onregverdige mededinging te beskerm
- Die DTI het beweer dat die Suid-Afrikaanse regering saam met plaaslike pluimveeprodusente gewerk het om die uitdagings in die bedryf aan te pak
- Die DTI en die DAFF het tariewe verhoog
- Die DTI en die DAFF het handelsherstelmaatreëls ingestel
- Die DTI het op FAWU se versoek gereageer om regulasies oor die invoer van pluimvee te verskerp
- Die DTI het te kenne gegee dat dit 'n aantal maatreëls teen die bedryf ingestel het om hierdie uitdagings aan te pak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.4 *[Bepaal die bruikbaarheid van bewyse in Bron 3D – L3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit die invloed wat pluimvee-invoere op die Suid-Afrikaanse mark gehad het beklemtoon
- Dit die vasberadenheid van die vakunie FAWU om die poste van hulle lede te red beklemtoon
- Dit die metodes wat die regering geïmplementeer het om die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf van internasionale mededinging te red beklemtoon
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die IMF en die Wêreldbank het die Suid-Afrikaanse regering onder druk geplaas om die handelsbeperkinge te verwyder (Bron 3A)
- Die verwydering van handelsbeperkinge het gelei tot die oorgrens vloei van produkte (Bron 3A)
- Die Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente het 'n sentiment van anti-globalisering (verset) en proteksionisme ontwikkel (Bron 3B)
- Die Suid-Afrikaanse pluimveeboere het die Europese Unie-boere van dumping beskuldig (Bron 3B)
- Die Europese Unie het Suid-Afrikaanse pluimveeboere van bedrog ten opsigte van produksie beskuldig (Bron 3B en 3D)
- Die Suid-Afrikaanse regering het tariewe op die invoer van pluimvee ingestel (Bron 3B en 3D)
- Die Minister van Handel en Nywerhede is onder druk geplaas om 'n handelsooreenkoms te onderhandel wat beide plaaslike pluimvee-produsente en die Europese Unie-produsente bevredig (Bron 3C)
- FAWU het ingetree om hulle lede te beskerm en druk op die regering geplaas om stappe te doen om Suid-Afrika se pluimveebedryf te red (Bron 3D)
- Goedkoop pluimvee-invoere het tot die verlies van duisende werkers se poste by Rainbow Chickens in KwaZulu-Natal gelei (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe Suid-Afrika se pluimveebedryf deur globalisering beïnvloed is nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks met die onderwerp verband, bv. **toon begrip van hoe Suid-Afrika se pluimveebedryf deur globalisering beïnvloed is.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe Suid-Afrika se pluimveebedryf deur globalisering beïnvloed is.**<br>• Gebruik bewyse baie doeltreffend in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe PW Botha se pogings tot hervorming van apartheid begroet was met intense internasionale weerstand van anti-apartheidsbewegings. Kandidate moet argumenteer hoe die internasionale weerstand aanleiding gegee het tot die uiteibdelike val van die apartheid regime in die 1980's.
HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en bewys hoe internasionale anti-apartheidsbewegings PW Botha se regime uitgedaag het gedurende die 1980's.

UITBREIDING

- Stigting en rol van die Anti-Apartheid Movement (AAM) in die Verenigde Koninkryk/Ierse anti-apartheid beweging
- Die rol van die International Defence Aid Fund (het fondse beskikbaar gestel vir anti-apartheidsaktiwiteite
- Botha se pogings om apartheid te hervorm deur dien skepping van die Driekamer parlementêre stelsel in 1983
- PW Botha se Rubicon-toespraak in 1985 het die internasionale gemeenskap forseer om op te tree wat begin het met verskillende vorms van boikotte, sanksies en disinvestering teen die apartheidsregering
- **Sportboikotte** Die rol van die Suid-Afrikaanse Nie-Rassige Olimpiese Komitee (SANRO) (veldtogte teen diskriminasie in sport/gekant teen slegs blanke deelname van Suid-Afrikaanse spanne in internasionale sport byeenkomste)
- Die rol van Halt All Racial Tours (HART) (het protesaksies geloods teen die rassistiese' Springbok rugbytoer in Nieu-Seeland in 1981)
- Die rol van die Suid-Afrikaanse Sportraad (SARS) (het politieke verbintenisse met die UDF en COSATU gestig en hulle het aan gedring dat sport boikotte handhaaf word totdat apartheid beëindig word/hul slagspreuk Geen normale sport in 'n abnormale gemeenskap nie)
- Teen die laat 1980's was Suid-Afrika verban uit 90% van wêreldsport
- **Kulturele Boikotte** In 1985 het Amerikaanse kunstenaars teen apartheid protes en geweier om in Suid-Afrika op te tree en geld ingesamel vir die bevryding bewegings
- In 1986 die Vryheidsfees in Londen
- Musikante het hul solidariteit met vryheidsliewende Suid-Afrikaners uitgespreek
- **Akademiese Boikotte** (Internasionale geleerdes het geweier om na Suid-Afrika te reis/Internasionale drukkers het geweier om Suid-Afrikaanse manuskripte te publiseer en om toegang te gee tot informasie/Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse geleerdes verbied/Buitelandse instellings het Suid-Afrika akademiese toegang geweier en het geweier om Suid-Afrikaanse grade te erken
- **Verbruikersboikotte** OPEC het 'n handelsverbod op olieverkope aan Suid-Afrika geplaas (Suid Afrika het 'n ekonomiese resessie gedurende die 1980's beleef) Ierse werkers het geweier om vrugte uit Suid-Afrika te hanteer/Invoer van natuurlike produkte van Suid-Afrika – steenkool, yster, staal – was verbied

- **Desinvestering –** In die 1980's het buitelandse beleggings met 30% gedaal; teen 1980 het Brittanje alreeds van die Simon stad hawe disinvesteer; General Motors en Barclays Bank het uit Suid-Afrika onttrek/In die 1980's het die Suid-Afrikaanse ekonomie gesukkel omdat beleggers die land verlaat het/ Die uitwerking van die AAM protesaksie het 'n negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse regering.
- Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 Amerikaanse maatskappye uit Suid-Afrika onttrek (Die Universiteit van Kalifornië het beleggings van meer as drie miljard dollars uit Suid-Afrika onttrek.
- **Sanksies** (In 1980's die Sullivan Principle (werkers van alle VSA maatskappye moet gelyk behandel word) In 1985 het Amerikaanse Bank – Chase Manhattan Bank bande met Suid-Afrika verbreek; die Johannesburgse Aandelemark (JAM) het vir vier dae gesluit. Die waarde van die rand het gedaal met 34% van 54 tot 34 sent), in 1986 het die VS Kongres 'n wet aanvaar wat alle nuwe beleggings en lenings in Suid-Afrika verbied het; groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het hul aktiwiteite in Suid-Afrika gestop; VSA het gedreig om wapen transaksies te stop met land wat wapens aan Suid-Afrika verskaf; in 1986 het die Anti-Apartheid Wet van die VSA veroorsaak dat Europa en Japan sanksies teen Suid-Afrika instel/Internasionale banke het vertroue in Suid-Afrika se ekonomie verloor)
- In 1982 het die Verenigde Nasies apartheid veroordeel en 'n beroep gedoen vir totale sanksies teen Suid-Afrika
- In 1985 het die Europese Ekonomiese Gemeenskap alle nuwe beleggings in Suid-Afrika verbied
- In1988 het een vyfde van Britse maatskappye hul besighede uit Suid-Afrika onttrek as gevolg van druk van hul aandeel houers/Barclays Bank, het hul aandele verkoop as gevolg van druk van die Britse publiek/Suid-Afrika se ekonomie het aangehou stagneer en het 'n groeikoers van slegs 1.1%
- **Bevry Mandela-veldtog** (Wembley Stadion/Verenigde Nasies/VN Veiligheidsraad en Algemene Vergadering doen 'n beroep vir die vrylating van Nelson Mandela)
- **Die rol van Internasionale Vakbonde** (Die AAM in Europa en Australië; Liverpool dokwerkers/Finland se Transport Workers' Union stel 'n verbod op handel in met Suid-Afrika)
- Dit het meegebring dat Suid-Afrika groot ekonomiese swaarkry beleef het en was forseer om te begin om met bevrydingsorganisasies in Suid-Afrika te onderhandel
- Die rol van die frontliniestate
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe politieke leierskap en verbintenis van sleutel Suid-Afrikaanse rolspelers die weg gebaan het vir die geboorte van 'n nierassige demokratiese Suid-Afrika in 1994.
HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe politieke leierskap en verbintenis van sleutel Suid-Afrikaanse rolspelers die weg gebaan het vir 'n nierassige demokratiese Suid-Afrika in 1994.

UITBREIDING

- De Klerk kom aan bewind in 1989 – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement – 2 Februarie 1990 (Politieke leierskap)
- Die ontbanning van politieke en gemeenskapsorganisasies soos die ANC en SAKP
- Die verwydering van beperkinge op COSATU, AZAPO, ens. (Politieke leierskap)
- De Klerk se besluit om Mandela uit die tronk vry te laat op 11 Februarie 1990 wat die weg gebaan het vir onderhandelinge (Politieke leierskap en verbintenis)
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC-afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela, NP-afvaardiging onder leiding van FW de Klerk) (Politieke leierskap en verbintenis)
- Apartheidswetgewing tot niet verklaar soos die Aparte Reservering van Geriewe Wet (Politieke leierskap en verbintenis)
- Pretoria Minuut – 6 Augustus 1990 (ANC stem in om die wapenstryd op te skort) (Politieke leierskap en verbintenis)
- CODESA 1 (19 politieke party met AZAPO, KP en PAC uitgesluit/300 afgevaardigdes) (Politieke leierskap en verbintenis)
- Geweld ontplof in dele van die land, soos aan die Rand en Natal
- Slegs Blanke referendum en uitwerking (Maart 1992) (Politieke leierskap)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) misluk. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse regering nie (Politieke leierskap en verbintenis)
- NP dring aan op minderheid veto terwyl die ANC aandring op 'n tussentydse regering wat nie langer as 18 maande sal dien nie en eenvoudige meerderheidsregering
- Boipatong-slagting en die gevolge (17 Junie 1992)
- Bhisho-slagting het onderhandelingsproses ontspoor (7 September 1992)
- Memorandum van Verstandhouding geteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (Politieke leierskap en verbintenis )
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en uitwerking op Suid-Afrika
- Veelpartyonderhandelingsforum (Politieke leierskap en verbintenis)
- Regsgesinde (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum en gevolge
- Sunset Clause ingestel deur Joe Slovo het die dooie punt in onderhandelings verbreek (Politieke leierskap en verbintenis)
- Verkiesingsdatum aangekondig – 27 April 1994 (Politieke leierskap)
- ANC het die verkiesing gewen en Mandela word die eerste swart president
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Hulle moet aandui hoe Gorbachev se beleide van Glasnost en Perestroika aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die Sowjetunie en hoe dit 'n direkte impak op die politiek van Suid-Afrika gehad het.
HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe die ineenstorting van die Sowjet Unie die weg gebaan het vir verandering in Suid-Afrika. Hulle moet hul gedagtegang met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie ineengestort en sy uitwerking
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa het ineengestort
- Politieke verandering in die res van die wêreld het druk op die apartheidsregime geplaas om met veranderinge te begin
- Die val van kommunisme affekteer beide die Nasionale Party en die ANC
- Die Nasionale Party se vrees vir 'n kommunistiese beheerde ANC was nou ongegrond
- Die Nasionale Party was nou gereed om met die ANC te onderhandel
- Na die ineenstorting van kommunisme in die Sowjetunie, het die ANC nie verdere ondersteuning van die Sowjetunie ontvang nie
- Die ANC kon nie meer op die Sowjetunie steun vir ekonomiese en militêre ondersteuning nie
- Die Nasionale Party se bewering dat dit Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- Lande in die Weste het die benadering dat Suid-Afrika sy eie probleem vreedsaam en demokraties moes oplos, ondersteun
- Daar was geen twyfel dat voortdurende onderdrukking van swart Suid-Afrikaners deur die apartheidsregime nie volhoubaar was nie en politieke onstabiliteit tot volg sou hê
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig was wat die ontwikkeling van 'n sterk middelklas moes insluit wat moes optree as 'n 'bulwark' teen die revolusie
- PW Botha het 'n beroerte aanval gekry en was opgevolg deur FW de Klerk
- De Klerk besef Suid-Afrika se moeilike politieke toestand en het begin aanvaar dat swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid was nie 'n sameswering wat uit Moskou beheer was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met samesprekings by die bevrydingsorganisasies betrokke te raak
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ' 'n nuwe politieke dispensasie aangekondig
- De Klerk het alle anti-apartheidsorganisasies, die ANC, PAC en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party ingesluit, wettig verklaar
- Dit dui die einde van apartheid aan en die begin van die proses van onderhandeling
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting

**Indien kandidate nie saam stem nie, moet hulle hul antwoord motiveer met relevante bewyse.** **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou